Biblioteek



LL

Saak No. 248/1983

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

ESTER GCWABE — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: JOUBERT, HOEXTER, BOTHA ARR

VERHOORDATUM: 20 SEPTEMBER 1984

LEWERINGSDATUM: 27 SEPTEMBER 1984

---

UITSPRAAK

---

/BOTHA AR ...

BOTHA AR:-

Die appellant is in die landdroshof, Wynberg, skuldig bevind aan 'n oortreding van artikel 2 (a) van Wet 41 van 1971, deurdat sy handel gedryf het in Mandrax-tablette, wat 'n verbode afhanklikheidsvormende medisyne, metakaloon, bevat. Sy is gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf. Sy het tereggestaan saam met 'n medebeskuldigde, wat op dieselfde aanklag skuldig bevind is en dieselfde vonnis opgelê is. Die medebeskuldigde was beskuldigde 1 by die verhoor en die appellant beskuldigde 2; ek sal voortaan aldus na hulle verwys. 'n Appèl teen hul skuldigbevindings is deur die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling van die hand gewys. 'n Aansoek om verlof om verder te appelleer na hierdie Hof is deur die Provinsiale Afdeling afgewys in die geval van beskuldigde 1, maar toegestaan in die geval van beskuldigde 2.

Die Staat se saak teen die beskuldigdes het voortgespruit uit 'n lokval wat op 28 September 1981 in werking gestel is deur speurder-konstabel Lazarus, met gebruikmaking van 'n lokvink, ene Frankie Davids. Lazarus en Davids is die enigste twee getuies wat namens die Staat getuig het. Hulle getuienis stem ooreen in die volgende opsigte. Davids se besigheid is dié van 'n smous. Hy het vantevore al opgetree as 'n beriggewer en 'n lokvink van die polisie. 'n Paar weke voor 28 September 1981 het hy aan Lazarus berig gedoen dat "pille" by beskuldigde 2 se woonplek verkoop word. Haar woonplek is geleë in Guguletu, in 'n straat wat genoem word NY 78. Gedurende die oggend van 28 September 1981 het Lazarus aan Davids opdrag gegee om te probeer om Mandrax te koop te kry by beskuldigde se se woonplek. Later die oggend het Davids Lazarus gebel en aan hom verslag gedoen dat daar wel Mandrax by

beskuldigde 2 te koop is. Daar is toe gereël dat Davids die aand om halfagt met sy bakkie na die polisiestasie in Guguletu sou gaan. Dit het Davids gedoen. Die bakkie en die persoon van Davids is deur die polisie deursoek en daar is vasgestel dat daar geen Mandrax-tablette in die bakkie of aan sy persoon was nie. Van die polisiestasie het Davids in sy bakkie gery na beskuldigde 2 se woonplek, gevolg deur Lazarus en ander polisiebeamptes in 'n ander voertuig. By beskuldigde 2 se woonplek is Davids na binne. Na 'n kort tydjie het hy uitgekom, in sy bakkie geklim en rondgery in 'n paar strate, en toe weer teruggekeer na beskuldigde 2 se woonplek. Hy is weer na binne. Na 'n rukkie het hy weer eens uitgekom en na 'n ander straat in Guguletu gery, bekend as NY 1. Daar het hy stilgehou. Lazarus en die ander polisiebeamptes, wat agter Davids aan gery het, het 'n entjie daarvandaan

stilgehou. 'n Rukkie later het 'n bruin Granada motor, wat aan beskuldigde 2 behoort, en wat vroeër by haar woonplek gestaan het toe Davids daar in en uit is, verby gery gekom. Davids het agterna gery. 'n Ent verder het die Granada tot stilstand gekom, en Davids se bakkie ook, kort en skuins agter die Granada. Beskuldigde 1 het uit die bestuurdersitplek van die Granada geklim en met 'n geel plastieksak in sy hand na Davids se bakkie gestap. Op hierdie stadium het Lazarus en sy kollegas op die toneel toegeslaan. Beskuldigde 1 het die plastieksak laat val en teruggespring in die Granada. Hy is in hegtenis geneem en die polisie het beslag gelê op die plastieksak.

Vervolgens moet daar verwys word na aspekte van Lazarus en Davids se getuienis waaroor slegs die een òf die ander van hulle getuig het, asook na aspekte van die gebeure waaroor hulle beide getuig het maar ten

opsigte waarvan hulle getuienis verskil. Ek begin met die getuienis van Lazarus.

Lazarus het getuig dat Davids nie vantevore saam met hom persoonlik as beriggewer en lokvink gewerk het nie, maar wel saam met ander lede van die polisiemag. Dit is die praktyk dat beriggewers vergoed word. Op die onderhawige geleentheid is daar nie tussen Lazarus en Davids afgespreek watter vergoeding laasgenoemde vir sy dienste sou ontvang nie, maar volgens Lazarus het Davids geweet hy sal vergoed word vir sy werk. Die betrokke aand om halfagt by die polisiestasie het Lazarus aan Davids opdrag gegee om na beskuldigde 2 se woonplek te gaan en daar Mandrax te koop, maar op so 'n wyse dat gereël sou word vir die aflewering van die pille in straat NY 1, naby sekere hostels daar, waar die polisie dan sou wag om tydens die lewering toe te slaan. Davids het om ongeveer kwart voor agt vir die eerste keer by

beskuldigde 2 se woonplek ingegaan, en wel by die agterdeur, terwyl hy deur Lazarus vanuit laasgenoemde se voertuig dopgehou is. Toe Davids uitkom en wegry, het Lazarus agterna gery, en toe Davids "doelloos" begin rondry, volgens Lazarus, het hy hom gestop, aangesien dit nie deel van die plan was nie, en van hom verneem wat aan die gang was. Davids het toe aan hom gesê dat beskuldigde 2 aan Davids gesê het om eers 'n entjie rond te ry en dan terug te gaan na beskuldigde 2 se woonplek. Toe Davids teruggegaan het, het hy weer by die agterdeur ingegaan. Dit was toe ongeveer 5 minute voor agt. Later, toe die polisie in straat NY 1 toegeslaan het, het beskuldigde 1 die geel plastieksak laat val in die straat aan die regterkant van Davids se bakkie, teenoor die bestuurder se sitplek waar Davids gesit het. Lazarus het in die sak 1 000 pille gevind. Daar is later vasgestel dat dit

/Mandrax-tablette ...

Mandrax-tablette was. (Die Staat het hierdie feit behoorlik by wyse van beëdigde verklaring bewys en dié getuienis is nie betwis nie.) Toe beskuldigde 1 daar op die toneel in hegtenis geneem is, het hy, voordat enigiemand na Mandrax verwys het, gesê dat hy niks weet van "die Mandrax" nie. Daar was 'n paar jeugdige passasiers in die Granada, onder andere kinders van beskuldigde 2. Nadat Lazarus beskuldigde 1, die kinders en Davids na die aanklagkantoor geneem het, het hy heelwat later in die aand na beskuldigde 2 se woonplek gegaan. Hy het haar meegedeel dat hy 'n saak ondersoek dat Mandrax in haar huis verkoop is. Sy het dit ontken. Sy het aan hom gesê dat sy na Johannesburg was om ornamente te koop (sy doen besigheid in die verkoop van ornamente) en dat sy om halfagt daardie aand teruggekeer het. Sy het gesê dat sy per vliegtuig van Johannesburg teruggekom het. Lazarus het die

/huis ...

huis deursoek, maar kon geen ornamente vind nie. Daar was reistasse wat leeg was en een het 'n oënskynlik ou vliegtuig-kaartjie op gehad. Later het Lazarus vasgestel dat beskuldigde 2 nie daardie dag op 'n vliegtuig van Johannesburg gereis het nie. Toe hy dit 2 dae later aan haar stel (sy is toe eers gearresteer), het sy aan hom gesê dat sy in der waarheid met mense van Suidwes in 'n motor van Johannesburg teruggekeer het. Sy kon egter nie hulle name of adresse verstrek nie.

Nou kom ek by Davids se getuienis. Hy het getuig dat hy op een vorige geleentheid reeds met Lazarus saamgewerk het as beriggewer en lokvink, en op 'n paar geleenthede met ander polisiebeamptes. Hy het egter nooit vergoeding ontvang vir sy dienste nie en daar is nooit gepraat oor vergoeding nie. Sy getuienis in hierdie verband kom daarop neer dat hy maar net dit as sy plig beskou het om die polisie behulpsaam te wees

in die bekamping van misdaad. In die loop van sy besigheid as smous het hy by beskuldigde 2 se woonplek aangedoen en gesien dat daar "pille" verkoop word. Toe hy 'n paar weke voor 28 September 1981 daaroor aan Lazarus berig gedoen het, was dit as gevolg van 'n navraag van Lazarus aan hom om inligting oor die bedrywighede by beskuldigde 2 se woonplek. Op die betrokke dag, toe Lazarus hom opdrag gegee het om by beskuldigde 2 se woonplek Mandrax te koop te probeer kry, het hy om tien-uur die oggend soontoe gegaan. Hy beskryf beskuldigde 2 se woonplek as 'n woonstel in 'n blok woonstelle wat almal op grondvlak is. Hy is in die woonstel in en het met beskuldigde 2 in 'n slaapkamer gepraat. Hy het haar gevra of hy 1 000 Mandrax-pille by haar kon koop. Sy het ingewillig om die pille aan hom te ver-koop teen 'n prys van R4 stuk, dit is R4 000 in totaal, maar sy het aan hom gesê dat hy die aand na sewe-uur

moes terugkom om die transaksie deur te voer. Hy het toe aan Lazarus per telefoon verslag gedoen van sy gesprek met beskuldigde 2, en volgens afspraak met Lazarus het hy om ongeveer halfagt die aand na die polisiestasie gegaan. In sy getuienis maak hy geen melding daarvan dat Lazarus by die polisiestasie met hom gereël het dat die aflewering van die pille in NY 1 sou geskied nie. Hy sê verder dat toe hy in die uitvoering van Lazarus se opdrag na beskuldigde 2 se woonstel gegaan het, hy nie bewus was daarvan of Lazarus en sy kollegas agterna gery het of nie. By beskuldigde 2 se woonstel het hy by die voordeur ingegaan. Beskuldigde 2 het aan hom gesê hy "moet net 'n paar minute aanhang, die goed is geloop haal". Hy het toe uitgegaan en "so drie minute so om die blok gery". Hy sê dit was bloot sy eie keuse om te gaan ry eerder as om daar by die woonstel te wag. (Hy weerspreek dus by noodwendige

/implikasie ...

implikasie dat beskuldigde 2 sou gesê het hy moet eers 'n entjie gaan ry.) Nadat hy 'n paar minute rondgery het, is hy terug. Terwyl hy so gery het, het hy nie die polisie gesien nie; hulle was nie daar nie. Vir Lazarus in die besonder het hy, sedert hy van die polisie-stasie weg is, eers weer gesien toe hy later in NY 1 op die toneel gekom het waar Davids en beskuldigde 1 mekaar ontmoet het. (Hy weerspreek dus by noodwendige implikasie Lazarus se getuienis oor hulle ontmoeting terwyl hy rondgery het.) Toe hy terug is na beskul-digde 2 se woonstel, is hy weer by die voordeur in. Beskuldigde 1 was in die kombuis, besig om na plate te luister. Davids het weer met beskuldigde 2 gepraat, skynbaar in 'n ander kamer. Sy het aan hom gesê om te ry na NY 1 en daar te wag; die pille sou met haar motor soontoe gestuur word en daar aan hom gelewer word. Alhoewel NY 1 'n lang hoofpad is, is daar nie 'n spesifieke

/plek ...

plek genoem waar hy moes wag nie. Daar is niks gepraat oor of hy die geld by hom gehad het nie. (Inderdaad het hy nie koopprys se geld by hom gehad nie.) Later, in NY 1, nadat beskuldigde 2 se bruin Granada verby hom gery het, hy agterna is, en die twee voertuie bymekaar stilgehou het, het beskuldigde 1 uitgeklim uit die Granada en met die geel plastieksak na die passasierskant van die bakkie gekom. Toe Lazarus en sy kollega op die toneel kom, het beskuldigde 1 die plastieksak aan die linkerkant van die bakkie in die straat laat val, langs die passasiersitplek, waar Lazarus dit opgetel het.

Uit die voorgaande oorsig van die getuienis van Lazarus en Davids is daar twee opvallende en belangrike gevolgtrekkings te maak, wat dadelik genoem kan word, en waarop ek later weer sal terugkom. Die eerste is dat dit enkel en alleen die getuienis van Davids is

oor die gesprekke wat hy met beskuldigde 2 sou gevoer het in die oggend en in die aand, wat die grondslag sou kon wees van 'n skuldigbevinding van beskuldigde 2. Die tweede is dat die getuienis van Davids in etlike opsigte onversoenbaar is met die getuienis van Lazarus.

Vervolgens moet daar verwys word na die getuienis wat die beskuldigdes afgelê het. Beskuldigde 1 se getuienis hoef slegs baie kortliks opgesom te word. Hy sê dat hy op die betrokke dag gedurende die middag by beskuldigde 2 se woonplek was in die geselskap van haar seun, wat 'n vriend van hom is. Beskuldigde 2 was nie tuis nie. Hy is om ongeveer sesuur die middag daar weg. Hy het met beskuldigde 2 se motor gery omdat hy deur iemand in die familie gevra is om na Langa te gaan, om navraag te doen oor 'n ander persoon wat daar aangerand was. Hy is egter eers na sy eie

verblyfplek en het eers na sewe-uur na Langa vertrek. Op pad soontoe het hy in NY 1 gery. Daar het hy stilgehou omdat van die kinders in die motor wou water afslaan. Voordat hy weer kon vertrek, en terwyl hy in die motor gesit het, het die polisie opgedaag en hom gearresteer. Daar is niks deur iemand gepraat van Mandrax nie. Beskuldigde 2 het hom geen opdragte gegee in verband met Mandrax nie en hy het geen Mandrax by hom gehad nie. Davids was glad nie op die toneel nie.

Beskuldigde 2 se getuienis kan soos volg opgesom word. Sy was per motor na Johannesburg saam met mense van Suidwes wat in Soweto wou ornamente koop. Sy het om halfagt die aand van die betrokke dag per motor tuisgekom. Die motor was dié van die mense van Suidwes, wat dadelik weer vertrek het na hulle tuiste toe. Toe sy teruggekom het, was beskuldigde 1 nie daar nie en

/haar ...

haar Granada motor ook nie. Sy het later verneem dat haar seun se vrou aan beskuldigde 1 toestemming gegee het om met haar motor te ry. Sy het ontken dat sy Davids die oggend of die aand gesien het en dat sy ooit met hom oor Mandrax gepraat het. Sy het ontken dat sy ooit met beskuldigde 1 oor Mandrax gepraat het. Sy weet nie of beskuldigde 1 dié dag Mandrax by hom gehad het nie. Later die aand, toe Lazarus by haar huis gekom het, het hy haar gesê die polisie wil die plek deursoek, maar hy het nie gesê hoekom nie. Sy ontken dat sy aan Lazarus gesê het dat sy per vliegtuig van Johannesburg teruggereis het; sy het wel gesê dat sy met 'n motor van mense van Suidwes om half-agt die aand van Johannesburg tuisgekom het. Sy sê daar was ornamente in die huis waarmee sy besigheid gedoen het, en as Lazarus die woonstel deursoek het, moes hy dit gesien het. Met betrekking tot die stelling

/dat ...

dat Davids tussen kwart voor agt en agtuur die aand by haar woonplek was, het sy Davids as 'n leuenaar bestempel.

Die getuienis soos hierbo opgesom, is deur die landdros in sy uitspraak breedvoerig uiteengesit en bespreek, en daarna het hy tot die volgende gevolgtrekking gekom:

> "Die Hof is tevrede dat ten spyte van al die weersprekings in die Staatsgetuienis, beide getuies geloofwaardig is en dat hulle weergawe baie meer aanvaarbaar is as dié van die beskuldigdes."

Die landdros het in sy bespreking van die getuienis dit vooropgestel dat Davids se getuienis met "die grootste omsigtigheid" benader moes word, omdat hy 'n lokvink is (met verwysing na S v Tsochlas 1974 (1) SA 565 (A)), en dat hy 'n enkelgetuie is ten opsigte van die beweerde onderhandelinge met beskuldigde 2, met die

/gevolg ...

gevolg dat die versigtigheidsreël ten aansien van enkelgetuies dus ook op hom van toepassing is (met verwysing na S v Webber 1971 (3) SA 754 (A) en S v Sauls and Others 1981 (3) SA 172 (A) op 180). Die versigtigheidsbenadering het die landdros verder soos volg beklemtoon:

> "Soos die Hof alreeds aangedui het, moet die Hof baie versigtig wees met Frankie [Davids] se getuienis. Hy is die enigste persoon wat kan getuig oor wat in die huis plaasgevind het. Hy is die enigste een wat met beskuldigde nr 2 onderhandel het en wat haar impliseer."

Die benadering wat die landdros hom ten doel gestel het om toe te pas, is ongetwyfeld korrek. Die kernvraag in hierdie appèl is of die landdros inderdaad daarin geslaag het om daardie benadering behoorlik toe te pas in die geval van beskuldigde 2. Om hierdie vraag te beantwoord, is dit ter aanvang nodig om die uiteindelike slotsom waartoe die landdros gekom het, soos uiteengesit aan die einde van sy uitspraak, van

/naderby ...

naderby te ontleed. Diê slotsom was dat die beskuldigdes se weergawe nie as "redelik moontlik waar" aanvaar kan word nie. Die landdros se beredenering in hierdie verband was soos volg:

> "Die verdediging verwag dat die Hof moet aanvaar dat beskuldigde nr 2" [dit is 'n klaarblyklike fout: dit moet wees beskuldigde nr 1] "terwyl hy rustig op pad na Langa was, en stilgehou het om kinders te laat water afslaan, deur die Polisie voorgekeer is; dat sy voertuig sonder enige rede gevisenteer is; dat hyself sonder enige rede gevisenteer is; dat daar niks op hom of die voertuig gevind word nie; dat hy geboei word sonder dat aan hom gesê word waarom dit alles geskied; geen woord van tablette gepraat nie; hy word na die Polisiestasie verwyder; die Polisie gaan toe na beskuldigde nr 2 se huis; ook aan haar meld hulle geen woord van tablette nie; sê nie hoekom hulle daar kom nie; visenteer net haar huis; noem niks vir haar van tablette nie en arresteer haar 'n paar dae later.
>
> Intussen reël die Polisie dat Frankie Davids 'n getuie sal wees, sê hulle vir hom voor wat om in die Hof te kom vertel, fabriseer hulle 'n storie teen die twee beskuldigdes; kry hulle êrens 1000 Metakoloon, wat bekend is as Mandrax tablette; sit hulle dit in 'n geel plastiese

/sak ...

sak en sê hulle die beskuldigdes het daarmee handel gedryf.

In die lig hiervan moet die Hof aanvaar dat die Polisie dus doelbewus 'n saak teen die beskuldigdes opgemaak het.

Hierdie weergawe is so vergesog en so onwaarskynlik dat die Hof dit nie as redelik moontlik waar kan aanvaar nie en verwerp dit as sulks.

Die Hof aanvaar nie dat Lazarus, indien hy die beskuldigdes vals wou impliseer, op so 'n omslagtige wyse te werk sou gaan nie.

Beide die beskuldigdes se weergawe is geheel en al ongelooflik. Die Hof kan homself nie vir een oomblik indink dat 'n Polisiebeampte met 'n lokvink sal konkel soos op hierdie manier om 'n saak teen die beskuldigdes te bewys nie.

Daar is geen motief aan Lazarus se kant om soiets te doen nie - ook nie by Frankie nie."

Dit is duidelik dat die landdros in sy verwerping van die beskuldigdes se getuienis beskuldigdes 1 en 2 oor dieselfde kam geskeer het. Na my mening het die

/landdros ...

landdros in hierdie opsig gefouteer. In die geval van beskuldigde 1 kan daar wel gesê word dat sy getuienis nie waar kan wees nie, tensy Lazarus en Davids met mekaar "gekonkel" het op die wyse beskryf deur die landdros; en 'n sameswering of 'n komplot tussen Lazarus en Davids om valse getuienis te "fabriseer" van die aard wat hulle teen beskuldigde 1 afgelê het, is wel so vergesog dat beskuldigde 1 se ontkenning van daardie getuienis teen hom bestempel kan word as nie redelikerwyse moontlik waar nie. Maar 'n soortgelyke benadering tot die geval van beskuldigde 2 is sekerlik nie korrek nie. Dit was geen deel van hââr verweer teen die aanklag dat beskuldigde 1 nie deur die polisie betrap is toe hy op die punt was om Mandrax aan Davids te lewer nie. Die landdros het in sy uiteindelike slotsom, soos hierbo aangehaal, wat betref beskuldigde 2 klaarblyklik uit die oog verloor wat hy self vroeër in sy

uitspraak beklemtoon het, naamlik dat dit alleenlik Davids se getuienis oor sy gesprekke met beskuldigde 2 is wat haar aandadigheid aan die oortreding kan bewys. Om te veronderstel dat sy nie aandadig was aan die oortreding nie, is dit hoegenaamd nie nodig om te bevind dat daar tussen Lazarus en Davids 'n komplot was om valse getuienis teen haar af te lê nie. Namens die Staat is daar in hierdie verband betoog dat die landdros met sy verwysing na 'n "gekonkel" tussen Lazarus en Davids, in soverre dit beskuldigde 2 aangaan, slegs bedoel het om te kenne te gee dat Lazarus se getuienis ook beskuldigde 2 impliseer, soos byvoorbeeld in die opsigte dat sy en haar motor na halfagt die aand by haar woonstel was toe Davids daarheen gegaan het, dat sy valse getuienis afgelê het oor haar reis per vliegtuig, die aanwesigheid van ornamente in die huis, en so meer. Die uitwerking van Lazarus se getuienis as stawing van Davids se getuienis moet natuurlik in oorweging geneem word, en

ek sal dit te gelegener tyd doen, maar dit is nie waarom dit op die oomblik gaan nie. Na my oordeel is dit nie waarna die landdros in die passasie tans onder bespreking verwys het nie, en is die beredenering daarin vervat nie vatbaar vir die vertolking daarvan wat namens die Staat voorgestaan word nie. Die hele kern van die landdros se beredenering is die vergesogtheid van die gedagte dat die polisie getuienis sou gefabriseer het en doelbewus 'n valse saak teen die beskuldigdes sou "opgemaak" het, deur met die lokvink te "konkel". Daardie oorweging is nie toepaslik op beskuldigde 2 nie, omdat dit slegs Davids is wat haar regstreeks by die oortreding betrek en Davids kon dit valslik gedoen het sonder dat Lazarus enigsins by 'n "gekonkel", 'n komplot of 'n sameswering met Davids betrokke hoef te gewees het. Dit was gevolglik nie korrek van die landdros om beskuldigde 2 se ontkenning van aandadigheid te verwerp

/op ...

op grond daarvan dat sodanige ontkenning noodwendig 'n sameswering tot die fabrikasie van getuienis tussen Lazarus en Davids veronderstel wat so vergesog is dat dit nie redelik moontlik waar kan wees nie.

Die landdros se foutiewe gelykstelling van die posisie van beskuldigde 2 met dié van beskuldigde 1 het tot gevolg gehad dat hy, met eerbied gesê, 'n verdere denkfout begaan het wat van fundamentele belang is in hierdie saak. Dit lê opgesluit in sy opmerking in die hierbo-aangehaalde passasie dat daar ook by Davids "geen motief" was "om soiets te doen nie". As die moontlikheid van 'n sameswering tussen Lazarus en Davids om beskuldigde 2 valslik by die oortreding te betrek buite rekening gelaat word, dan bly die oorweging dat Davids 'n motief gehad het om op sy eie en sonder die medewete van Lazarus beskuldigde 2 valslik by die misdaad te betrek steeds 'n faktor in die saak wat nou-

lettende aandag vereis. Dit is juis omdat 'n lokvink 'n motief het om 'n verdagte persoon se skuldigbevinding te bewerkstellig dat sy getuienis met versigtigheid benader moet word (kyk S v Tsochlas supra op 574 C). Waar dit uitsluitlik die getuienis van 'n lokvink is wat 'n beskuldigde met die misdaad verbind, lê die wesenlike gevaar van 'n foutiewe skuldigbevinding voor die hand. Des te meer tree daardie gevaar op die voorgrond in die huidige geval, waar die lokvink Davids geweet het dat die polisie op beskuldigde 2 se spoor was en waar die omstandighede waaronder die lokval uitgevoer is, van so 'n aard was dat dit baie maklik vir Davids was om op sy eie die aandadigheid van beskuldigde 1 vas te koppel aan beskuldigde 2. Hierdie oorwegings het die landdros na my oordeel nie na behore in ag geneem in sy opweging van die getuienis van Davids (en Lazarus) teenoor dié van beskuldigde 2 nie, soos verder sal blyk

/uit ...

uit wat hieronder volg. In verband met 'n motief van Davids se kant om beskuldigde 2 valslik te betrek by die oortreding, wil ek nog byvoeg dat ek die waarheid van Davids se getuienis dat hy geen vergoeding vir sy hulp aan die polisie verwag het nie, sterk betwyfel; Lazarus was oortuig daarvan dat Davids geweet het hy kon vergoeding vir 'n suksesvolle optrede verwag het, en dit is waarskynlik so vanweë die praktyk waarna Lazarus verwys het en vanweë Davids se vorige optredes as beriggewer en lokvink van die polisie. Afgesien daarvan, het Davids in sy getuienis onder kruisondervraging erken dat hy gretig ("keen") was om die polisie te help om beskuldigde 2 te "vang". Dis 'n belangrike aspek van hierdie saak, want dit stel die grondslag daar van 'n motief van Davids om beskuldigde 2 (valslik) by die misdaad te betrek, om watter rede ook al.

Om die voorgaande redes is dit vir hierdie Hof

/noodsaaklik ...

noodsaaklik om opnuut die getuienis van die Staat teen beskuldigde 2 in oorweging te neem, ten spyte van die landdros se indruk dat beide Lazarus en Davids geloofwaardige getuies was. Wat Davids betref, is daar namens die Staat betoog dat dit vir hierdie Hof nodig sou wees om te bevind dat Davids 'n meinedige getuie was, alvorens die appèl sou kon slaag, omdat dit alleenlik op daardie grondslag is dat hierdie Hof daarvan oortuig sou kon wees dat die landdros se beoordeling van die getuienis verkeerd was. Ek stem nie saam met hierdie betoog nie. Om daarvan oortuig te wees dat die landdros se skuldigbevinding van beskuldigde 2 verkeerd was, is dit geensins nodig om 'n positiewe bevinding te maak dat Davids doelbewus leuenagtige getuienis teen beskuldigde 2 afgelê het nie. Dit sou voldoende wees as hierdie Hof van mening is dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat Davids se getuienis,

wat beskuldigde 2 se aandadigheid betref, vals is, en dat die landdros behoort te bevind het dat daar 'n redelike twyfel bestaan oor die waarheid van Davids se getuienis in hierdie opsig. Dit is met hierdie benadering in gedagte dat die verdere betoog namens die Staat oorweeg moet word, naamlik dat die aanduidings van onbetroubaarheid in Davids se getuienis, wanneer dit vergelyk word met die getuienis van Lazarus, nie beteken dat Davids 'n meinedige getuie was nie, maar slegs dat hy aan 'n swak geheue gely het en bona fide foute gemaak het.

Soos vroeër geblyk het, het Lazarus en Davids mekaar op etlike punte weerspreek. Sommige van die weersprekings is op sigself nie van deurslaggewende belang nie, omdat hulle nie regstreeks betrekking het op die vraag van beskuldigde 2 se aandadigheid nie. Voorbeelde hiervan is Davids se stelling dat hy twee

keer by die voordeur van beskuldigde 2 se woonstel in en uit is, terwyl Lazarus sê hy is beide kere by die agterdeur in en uit, en Davids se stelling dat beskuldigde 1 die plastieksak met pille aan die linkerkant van sy bakkie laat val het, terwyl Lazarus sê dit was aan die regterkant. Die belang van hierdie soort weersprekings is dat dit aantoon dat Davids 'n uiters onbetroubare getuie is; waar sy getuienis gekontroleer kan word aan die hand van dié van Lazarus, blyk dit onaanvaarbaar te wees. Dit dui egter nie noodwendig op doelbewuste leuenagtigheid (in teenstelling met vergeetagtigheid) nie. Wat dit betref, is daar egter twee weersprekings in die getuienis van Davids en Lazarus wat, in die samehang van die gevaar wat daar skuil in 'n skuldigbevinding gegrond op die enkele getuienis van 'n lokvink, na my oordeel van deurslaggewende belang is in hierdie saak, en wat ek nou agtereenvolgens sal

/bespreek ...

bespreek.

In die eerste plek is daar die eienaardige aspek van die Staatsaak dat Lazarus en Davids se getuienis heeltemal uiteenlopend is ten opsigte van die vraag of Lazarus met Davids gepraat het tydens laasgenoemde se rondryery tussen sy eerste en tweede besoeke aan beskuldigde 2 se woonplek gedurende die aand. Hierdie aspek van die Staatsaak is in sy geheel agterdogwekkend, om verskillende redes, maar vir die doeleindes van hierdie uitspraak hoef ek net een onderdeel daarvan in oënskou te neem, wat van groot belang is. Lazarus sê Davids het aan hom gesê dat beskuldigde 2 gesê het hy moet eers 'n draai gaan ry. Davids meld niks daarvan dat beskuldigde 2 so-iets sou gesê het nie, en getuig inteendeel dat dit sy eie besluit was om te gaan rondry eerder as om by beskuldigde 2 se woonstel te wag. Hieroor sê die landdros die volgende:

/"Die ...

> "Die feit dat hy gesê het dat hy uit eie beweging rondgery het, terwyl Lazarus getuig het dat hy vir hom gesê het nr 2 het gesê hy moet ry, maan die Hof tot versigtigheid. Die Hof is egter tevrede dat Lazarus die waarheid praat. Hy het geen rede om so 'n valse bewering uit sy duim te suig nie. Inteendeel, is dit glad nie onwaarskynlik dat dit so gebeur het nie, aangesien beskuldigde nr 2 wel op daardie tydstip in die huis was."

Na my mening is die landdros se beredenering nie korrek nie, omdat dit nie die werklike probleem met Davids se getuienis onder die oë sien nie. As Lazarus die waarheid praat, soos die landdros bevind, hoe moet Davids se getuienis dan verklaar word? Lazarus se getuienis op hierdie punt is nie pertinent aan Davids gestel nie (daar was geen verpligting op beskuldigde 2 se regsverteenwoordiger om dit te doen nie), maar Davids is wel indringend in kruisondervraging uitgenooi om te verduidelik hoekom hy 'n draai gaan ry het. Al wat hy ter verduideliking kon aanbied, was dat beskuldigde 2 hom gesê

het "die goed sal nou kom", hy moet "n paar minute aanhang", en dat hy "gevoel het ek gaan nie sit nie, ek gaan ry om die blok"; en die enigste rede wat hy daarvoor kon aanvoer, was: "Dit was my verlange. Dit was my keuse om nie te sit nie." Ek vind dit bykans onmcontlik om te glo dat Davids tydens hierdie ondervraging bloot sou vergeet het daarvan dat beskuldigde 2 aan hom sou gesê het om te gaan ry; as dit werklik gebeur het, is dit in die hoogste mate waarskynlik dat hy dit sou onthou het en in sy getuienis sou vermeld het as die rede vir sy eienaardige optrede, toe hy daaroor ondervra is. Die advokaat van die Staat het aan die hand gedoen dat Davids niks kon baat daarby om sy ontmoeting en sy gesprek met Lazarus tydens die rondryery te verswyg nie. Dit is egter nie waarom dit gaan nie; daar kan maar veronderstel word dat Davids vergeet het van die ontmoeting en die gesprek. Waarom

dit wel gaan, is sy stelling aan Lazarus, volgens laasgenoemde se getuienis, oor wat beskuldigde 2 sou gesê het, en die onwaarskynlikheid daarvan dat dit wel gebeur het, in die lig van sy eie getuienis. Op grondslag van die aanvaarding van Lazarus se getuienis is dit dan verder waarskynlik dat Davids daardie aand aan hom 'n valse voorstelling gemaak het van iets wat beskuldigde 2 sou gesê het. Daardie valse voorstelling kon, as 'n waarskynlikheid, slegs ten doel gehad het om beskuldigde 2 by die onderhandelinge te betrek, wat volkome sou inpas by 'n motief, asook by die self-erkende gretigheid, van Davids om die polisie in staat te stel om beskuldigde 2 vas te trek. Op sy minste openbaar hierdie aspek van Davids en Lazarus se getuienis 'n redelike moontlikheid dat Davids beskuldigde 2 valslik by die oortreding wou betrek.

In die tweede plek is daar Davids se getuienis

dat dit beskuldigde 2 se voorstel was dat hy na NY 1 moes gaan om lewering van die pille daar te ontvang. Hieroor sê die landdros die volgende:

> "Volgens Frankie het nr 2 nie vir hom gevra of hy die geld het nie, en het sy gereël waarheen hy moes ry, naamlik NY 1. Lazarus het getuig dat hy vir Frankie gesê het dat hy die aflewering by NY 1 moet reël. Weereens betrek Frankie vir beskuldigde nr 2 op 'n aspek wat bots met Lazarus se getuienis. Die Hof is egter tevrede dat daar niks onwaarskynliks is in die onderhandelinge wat deur Frankie met nr 2 gevoer is nie."

Na my mening het die landdros weer eens, met eerbied gesê, die werklike probleem met Davids se getuienis nie onder die oë gesien nie, en in die proses misgetas. Die lokval was uitdruklik deur Lazarus so gereël dat die lewering van die pille in NY 1 moes geskied. Dit is volkome ondenkbaar dat beskuldigde 2 toevallig ook sou voorgestel het dat dit moet gebeur. Davids se getuienis op hierdie punt kan gevolglik nie waar wees

nie. Ek kan my dit nie juis voorstel dat dit maar net sy geheue is wat hom in die steek gelaat het op so 'n eenvoudige aspek van die reëlings in verband met die lokval nie. Die afleiding is veel waarskynliker dat hy hier 'n doelbewuste leuen vertel het, weer 'n keer om beskuldigde 2 by die onderhandelinge te betrek, ter uitvoering van sy motief en gretigheid om dit te doen. Op sy minste openbaar hierdie getuienis van Davids 'n onrusbarende sterk moontlikheid dat hy probeer het om beskuldigde 2 valslik by die pleeg van die misdaad te betrek.

Die voorgaande ontleding van die swakhede in Davids se getuienis lei tot die gevolgtrekking dat daar 'n ernstige leemte is in die Staatsaak teen beskuldigde 2. Met betrekking tot haar aandadigheid staan Davids se getuienis onder sulke ernstige verdenking dat haar skuldigbevinding na my mening slegs geregverdig sou kon

word as daar bevredigende stawing van Davids se getuienis is in soverre dit haar impliseer. Na my oordeel is daar geen sodanige stawing nie. Namens die Staat is daar verwys na Davids se berig aan Lazarus gedurende die oggend, aangaande 'n transaksie wat in die aand beklink sou word, en na die feit dat na Davids se besoek aan die woonstel die aand, beskuldigde 2 se motor daar weggetrek het met 'n besending Mandrax, en op grond daarvan is betoog dat daar inderdaad afsprake moes gewees het in verband met die verkoping en lewering van die pille, soos deur Davids getuig. Dat daar afsprake was, kan aanvaar word, maar dan volg dit nog nie dat beskuldigde 2 daarby betrokke was nie. Die feit dat dit slegs beskuldigde 1 is wat by die lewering van die pille betrokke was, laat die moontlikheid oop dat beskuldigde 2 nie by die afsprake betrokke was nie. Dat sy tydens Davids se besoek in die aand tuis was en dat

haar voertuig by die lewering van die pille gebruik is, is na my mening nie genoeg om die leemte in die Staatsaak, voortvloeiend uit die swakhede in Davids se getuienis, te oorbrug nie. Dieselfde geld ten opsigte van die kritiek wat teen beskuldigde 2 se getuienis geopper kan word; dat sy leuens vertel het, regverdig nie op sigself bo redelike twyfel die afleiding dat sy inderdaad deelgeneem het aan die onderhandelinge met Davids, bo en behalwe beskuldigde 1 se waarskynlike deelname daaraan nie. In hierdie verband kan die Staat se saak teen beskuldigde 2 in die regte perspektief gestel word deur as 'n hipotese te postuleer dat Lazarus se getuienis in elke opsig as waar en korrek aanvaar word: dan is beskuldigde 2 se aandadigheid aan die oortreding nog geensins bewys nie. Wat haar werklike deelname aan die oortreding betref, is dit uiteindelik slegs Davids se woord teenoor hare. As

/die ...

die nodige versigtigheidsbenadering teenoor Davids se getuienis toegepas word, met behoorlike inagneming van die swakhede daarin waarna ek verwys het, kan daar na my oordeel nie bevind word dat beskuldigde 2 se ontkenning van aandadigheid aan die oortreding bo redelike twyfel vals is nie.

Ten slotte moet ek meld dat die feit dat die Provinsiale Afdeling nie bereid was om van die landdros se uitspraak te verskil nie, namens die Staat gebruik is ter ondersteuning van die betoog daar nie bevind kon word dat die landdros se skuldigbevinding van beskuldigde 2 "duidelik verkeerd" was nie. Ek ag dit nie nodig om die besonderhede van die uitspraak van die Provinsiale Afdeling te behandel nie. Dit is genoeg om te sê dat ek daarin niks kan vind wat afbreuk doen aan die redes wat ek in hierdie uitspraak uiteengesit het vir my gevolgtrekking dat die landdros se

skuldigbevinding van beskuldigde 2 nie staande gehou kan word nie.

Die appèl slaag. Die skuldigbevinding en vonnis van die appellant word tersyde gestel.

A.S. BOTHA AR

JOUBERT AR

STEM SAAM

HOEXTER AR